Die leerder behoort in staat te wees om: Die vermoë in hierdie kursus te ontwikkel om die ekonomiese teorie en die toepassing daarvan met behulp van tegnieke, empiries vir die Suid-Afrikaanse omstandighede te toets en voorstelle ter verbetering van die toepassing van die teorie in Suid-Afrika voor te stel; Die bevindings te dokumenteer en per voordrag aan mede leerders en eksaminatore voor te dra.

RISIKOBESTUUR

EKRP311: BANKRISIKOBESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Op 'n inleidende vlak die finansiële en verwante risiko's in 'n finansiële instelling, 'n maatskappy 'n basiese tesourie of 'n verwante struktuur, te verstaan; Die proses om hierdie risiko's te minimeer of te verskans strategies te bestuur; Die rente-inkomste en aandeelhouersbelang van hierdie instellings te maksimeer; Die regulatoriese omgewing te verstaan en bestuur; Finansiële risiko scenario's dinamies te simuleer en bestuur.

EKRP321: FINANSIËLE MARKTE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, insluitende SAFEX (South African Futures Exchange), BESA (Bond Exchange of South Africa) en die JSE (Johannesburg Stock Exchange), beter te verstaan; Die werking van die produkte en instrumente wat in die markte gebruik word, beter te verstaan; Die regulatoriese omgewing waarin die markte funksioneer te verstaan; praktiese voorbeelde en scenario's van basiese portfoliobestuur te voltooi met behulp van die produkte en instrumente van die markte; Om moontlik as 'n analis, markhandelaar en "back office"-beampte te werk in die bank- en tesourie-omgewing, asook om moontlik as aandele-makelaar te werk.

ENGLISH

ENGL122: PRACTICAL ENGLISH FOR PROFESSIONAL PURPOSES

3 hours 1:1

The learner should be able to: Interact, speak, read and write English effectively; Formulate an independent point of view on a variety of topics and express this fluently in English; Read a variety of material with comprehension; Write letters and reports; Be familiar with meeting and interview procedures and techniques; Take notes and make summaries effectively; Develop and offer a presentation; and Work on projects individually and in groups.

KEUSE-MODULE:

ENGLISH

ENSW311: ENGLISH FOR THE PROFESSIONS

1½ hours 1:1

The learner should be able to: Communicate accurately and fluently in English; Use English grammatical structures correctly; Write English accurately and appropriately; Use the appropriate conventions and register of English in a variety of professions.

VERPLIGTE MODULE:

ENTR221: KREATIEWE ENTREPRENEURSKAP

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Begrip van die kreatiewe proses te kan demonstreer ; Toepaslike kreatiewe probleemoplossingstegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los; Die omgewing te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing te kan identifiseer op alle lewensterreine; Vaardighede te kan toon in die versameling en toepassing van beskikbare inligting; Die entrepreneuriese ingesteldheid te verstaan en te kan toon; Ideeenerend in spanne te kan funksioneer; Die gebruik van entrepreneuriese taal te kan demonstreer; 'n Geleentheidsbenuttingsingesteldheid te ontwikkel; Prioritiseringsvaardighede te toon; Werkspesifieke situasies te kan ontleed en toepaslike oplossings te kan beplan.

FRANS

FRAB111: SAKEFRANS VIR BEGINNERS

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die leerder behoort: Hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk; Hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld; Belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees; Elementêre aantekeninge, memorandum of briewe te kan skryf. In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die leerder binne 'n sakekonteks.

FRAB121: SAKEFRANS VIR BEGINNERS: INTERMEDIÊR

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die leerder behoort: Hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk; Hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld; Belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees; Elementêre aantekeninge,

memorandums of briewe te kan skryf. In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die leerder binne 'n sakekonteks.

FRAN111: FRANS VIR BEGINNERS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese gespreksituasies te hanteer, en basiese skryfvaardighede te openbaar; 'n Normale gesprek te kan volg; 'n Kritiese kennis van die Franse kultuur en alledaagse samelewing in die vorm van taal, maniere en gebruike in die nasionale en Europese konteks te openbaar.

FRAN121: FRANS VIR BEGINNERS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese gespreksituasies te hanteer, en basiese skryfvaardighede te openbaar; 'n Normale gesprek te kan volg; 'n Kritiese kennis van die Franse kultuur en alledaagse samelewing in die vorm van taal, maniere en gebruike in die nasionale en Europese konteks te openbaar.

GEOGRAFIE EN OMGEWINGSTUDIE

GGFN111: INLEIDING TOT OMGEWINGSASPEKTE I

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Biogeografiese streke te onderskei; Fisiese en chemiese eienskappe van grond neer te skryf; 'n Basiese kennis aangaande Politieke Geografie te demonstreer; Die ekonomies-geografiese verhouding tussen die RSA en sy buurlande te beskryf en konseptueel te analiseer; 'n Basiese kennis van Demografie te demonstreer; Die eienskappe van enkele kaartprojeksies neer te skryf; Kartografiese bewerkings uit te voer.

GGFN121: INLEIDING TOT OMGEWINGSASPEKTE II

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kundigheid te demonsteer oor basiese klimatologiese aspekte; Die makromorfologie van die aarde te beskryf; Endogene en eksogene landvormende kragte en prosesse uit te ken; Die invloed van bevolkingverspreiding op ekonomiese ontwikkeling te beskryf; Ekonomiese aktiwiteite te klassifiseer; 'n Basiese kennis rakende ekonomiese stelsels te demonstreer; Ruimtelike interaksie, vervoertipes, -koste en produkte te beskryf; Wêreldverstedelikingstendense en stedelike nedersettings te beskryf; 'n Basiese kennis van stedelike struktuurmodelle te demonstreer asook statistiese bewerkings uit te voer.

GGFN211: EKONOMIESE GEOGRAFIESE STATISTIEK EN TOEGEPASTE KLIMATOLOGIE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die teorie van Diffusie neer te skryf; Von Thunen en Ricardo se modelle te bespreek; Primêre-, sekondêre-, tersiêre- en kwaternêre aktiwiteite te bespreek; Die hoof-nywerheidsgebiede van die wêreld en die RSA te identifiseer; Die eienskappe van hoë tegnologie-ontwikkelingsgebiede en kantoorparke neer te skryf; Basiese toegepaste klimatologiese beginsels te bemeester; Tephigramme te teken en interpreteer; Die Suid-Afrikaanse klimaat te beskryf; Rekenaargesteuende statistiese bewerkings van geografiese data uit te voer.

GGFN221: ANTROPOGENIESE VRAAGSTUKKE EN GEOGRAFIESE TEGNIEKE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die sosio-ekonomiese verstedelingsproblematiek te bespreek; Die invloed van 'n stad op die biofisiese omgewing te konseptualiseer; Die toekomstige aard van verstedeliking en die invloed daarvan op die totale omgewing te bespreek; Beeld-analises, beeldvertolking en –interpretasie te kan uitvoer; Hangprofiele, stroomkanale en lengteprofiele te meet; Stroomvloei te bereken; Grondprofielbeskrywings uit te voer asook geselekteerde weerkundige metings te doen.

GGFN311: BEGINSELS VAN OMGEWINGSBESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Geografiese streke af te baken; Die verband tussen materie en energie in ekosisteme te beskryf; Die belang van spesieverspreiding en spesiediversiteit vir volhoubaarheid aan te dui; Enkele besoedelingstipes en –meganismes te beskryf; Hulpbronbewarings-bestuursbeginsels neer te skryf; Terreinevaluering aan die hand van geselekteerde parameters uit te voer; Geselekteerde indikatore vir "Status van die Omgewing"-bepalings neer te skryf en te meet; Die "Pressure-State-Response" model te beskryf en breë bestuursmaatreëls vir volhoubare ontwikkeling voor te stel en te evalueer.

GGFN321: OMGEWINGSBESTUURSINSTRUMENTE EN -HULPMIDDELS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die teoretiese agtergrond en beginsels onderliggend tot omgewingsbestuur neer te skryf; Geïntegreerde Omgewingsbestuur te definieer en toe te pas in situasies van beperkte omvang en diepte, asook 'n basiese kennis oor omgewingsreg en omgewingsinvloedbepaling te demonstreer.

GGFN322: PRAKTIESE OMGEWINGSIMPAKBEPALINGS EN GEVORDERDE GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Omgewingsinvloede geassosieer met stede, nywerhede, kragvoorsiening, mynbou, landbou en rekreasie te identifiseer; GIS – Databasisontwerp en –implementering oor 'n wye verskeidenheid van situasies toe te pas; "Featurising" van CAD tekening uit te voer; Koppeling van databasisse en GIS-tekendata te bewerkstellig asook kritiese vraagstelling deur middel van GIS uit te voer.

DUITS

GRMB111: SAKE-DUITS ELEMENTÊR 1

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: algemene, alledaagse gesprekke te volg; basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld hoe om 'n maaltyd te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek en 'n afspraak te maak; basiese grammatikareëls toe te pas; relevante woordeskat te beheers; maklike tekste, byvoorbeeld briewe, koerantberigte, advertensies, kennisgewings en programme asook vertellings en kortverhale te lees, te begryp en te vertaal; elementêre tekste, byvoorbeeld 'n CV, 'n poskaart en 'n uitnodiging, te skryf; die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot behuising, vervoer, ekonomie, samelewing en kultuur; kommunikasie-situasies met voldoende interkulturele sensitiviteit te hanteer.

GRMB121: SAKE-DUITS ELEMENTÊR 2

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: algemene kommunikasie in 'n kantoor- en besigheidsomgewing te verstaan en daaraan deel te neem; basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld om iets te bestel of te koop, reisreëlings te tref en navrae oor iets te doen; basiese grammatika-reëls toe te pas; relevante woordeskat te beheers; elementêre tekste wat oor besigheid handel, byvoorbeeld agendas, programme, advertensies, koerant- en tydskrifartikels te lees, te begryp en te vertaal; elementêre tekste, bv. kort sakebriewe en e-pos te skryf; die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot werk, opleiding, geskiedenis, ekonomiese en politieke sisteme; kommunikasie- en onderhandelingsituasies met voldoende interkulturele sensitiviteit te hanteer.

GRMN111: DUITS ELEMENTÊR 1

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n ete te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek; Elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. sprokies, stories en kort koerantberigte; Elementêre tekste te skryf, bv. 'n CV, 'n poskaart, 'n uitnodiging; Die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos behuising, opvoeding, vervoer, sosiale en kulturele lewe.

GRMN121: DUITS ELEMENTÊR 2

3 uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n artikel te bestel of te koop, 'n afspraak te maak, reisreëlings te tref; Elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. kort prosa, koerant- en tydskrif-artikels; Elementêre tekste te skryf, bv. situasie-beskrywings, informele briewe en e-pos aan vriende; Die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos opvoeding, werksgeleenthede, geskiedenis, politieke stelsel.

BESIGHEIDSREG

HRER141: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE BESIGHEIDSREG

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om die algemene beginsels van die besigheidsreg te kan toepas, 'n gevolgtrekking te kan maak en 'n aanbeveling te kan maak; Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om 'n probleem te kan identifiseer en oplos in 'n gegewe feitestel of 'n tipiese kommersiële probleem; 'n Standpunt logies en sistematies te kan formuleer, beredeneer en kommunikeer; Insig te toon in die verband tussen verskillende aspekte van die besigheidsreg.

REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS

ITRW111: INLEIDING TOT PROGRAMMERING

1½ uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor: hoe die rekenaar werk, die onderskeie komponente daarvan en die stoor en manipulasie van data. Verder is ook kennis verwerf oor die benutting en gebruik van sigblaai. Die module dien as inleiding tot programmering. Die kennis van sigblaai sluit in: tabelle, berekeninge, oordrag van data tussen verskillende toepassings en toepassings-omgewings, funksies en grafieke om data te verwerk en voor te stel. Die leerder sal na voltooiing van die kursus kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

ITRW121: GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING I

3 uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

ITRW122: PROGRAMMERING I

3 uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

ITRW211: GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING II

1½ uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik om: in 'n visuele, objekgerigte programmeringstaal en die grafiese-koppelvlak omgewing gerekenariseerde toepassings te ontwikkel wat interaksie kan hê met ander rekenaartoepassings. Die leerder sal insig verkry in kliënt-bediener, web- en verspreide toepassings. Die teorie moet prakties toegepas kan word in gegewe probleme.

ITRW212: PROGRAMMERING II

3 uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor objekgerigte programmering (ook vir die Web), probleem-oplossing wat insluit: ontfooting, toetsing en uitvoering van toepassings, lêerhantering, soekmetodes, sorteermetodes, oorerwing, koppelvlakke en polimorfisme en Boolese algebra. Die leerder sal na voltooiing van die kursus kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

ITRW213: STELSELONTLEDING EN -ONTWERP I

3 uur 1:1

Die student oor kennis en insig beskik om: die funksies van die stelselontleider en ander rolspelers tydens 'n stelsel se beplanning en ontleding te ken, die vroeë fases en aktiwiteite in die stelselontwikkelinglewensiklus te ken en te gebruik, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontleding te ken en toe te pas, kreatief en probleemoplossend te dink en op te tree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel beplan en ontleed word.

ITRW214: BESLUITSTEUNSTELS I

3 uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor: besluitneming, konstruksie van besluitsteunstelsels, formulering van eenvoudige lineêre modelle (gelykbreek-analise, lineêre programmering) en die oplos daarvan met behulp van sigblaai, die uitvoer van sensitiviteitsanalise, en die oplos van spesifieke probleme (transportasie- en toekeningsprobleme, en netwerke). Bogenoemde tegnieke word gebruik om eenvoudige bedryfsprobleme te modelleer en op te los.

ITRW221: PROJEK: STELSELONTLEDING EN -ONTWERP

1½ uur 1:1

Die student oor sal kennis en insig beskik om: die fases en tegnieke in die stelselontwikkelinglewensiklus toe te pas in spanverband wanneer 'n praktiese projek ontwikkel word, die aktiwiteite van projekbestuur toe te pas tydens die ontwikkeling van 'n stelsel en 'n verskeidenheid tersaaklike dokumentasie saam te kan stel en 'n stelselaanbieding te kan maak.

ITRW223: STELSELONTLEDING EN -ONTWERP II

1½ uur 1:1

Die student sal oor kennis en insig beskik om: die funksies van al die rolspelers tydens 'n stelsel se ontwikkeling te ken, die latere fases in die stelselontwikkelinglewensiklus te ken en te gebruik, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontwerp te ken en toe te pas, kreatief en probleemoplossend te dink en op te tree wanneer 'n gerekenariseerde stelsel ontwerp en ontwikkel word.

ITRW224: STELSELONTLEDING EN -ONTWERP VIR WETENSKAPLIKE TOEPASSINGS

1½ uur 1:1

Die student sal oor kennis en insig beskik om: die funksies van al die rolspelers tydens 'n stelsel se ontwikkeling te ken, die fases in die stelselontwikkelinglewensiklus te ken en te gebruik in gegewe praktiese opdragte, verskeie modelleringstegnieke vir stelselontleding en -

ontwerp te ken en toe te pas in praktiese opdragte, en die objekgerigte ontleding en ontwerp metode te ken.

ITRW311: DATABASISSE I

3 uur 1:1

Die student sal oor basiese kennis en insig beskik oor die verskil tussen lêerstelsels en databasisse; die relasionele databasismodel teenoor hiërargiese en objekgeoriënteerde databasismodelle; entiteitsverwantskapsmodellering; normalisering van databasismodelle; databasisonwerp; transaksiebestuur; die beheer van gelyktydige gebruik; en SQL en Oracle PL/SQL. Die leerder sal na die voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

ITRW312: KUNSMATIGE INTELLIGENSIE

1½ uur 1:1

Die student sal kennis gemaak het met die basiese begrippe binne die veld van Kunsmatige Intelligensie. Die student moet bewus wees van die belangrike kwessies binne die vak asook die historiese grondslae van die vak. Verder moet die student die basiese tegnieke wat binne die veld gebruik word verstaan en op praktiese probleme kan toepas. Die praktiese implementering van die geleerde tegnieke word gedoen deur programme te skryf in 'n Kunsmatige Intelligensietaal.

ITRW321 DATABASISSE II

3 uur 1:1

Die leerder behoort basiese kennis en insig te hê oor verspreide databasisbestuurstelsels; objekgeoriënteerde databasisse; kliënt/bediener stelsels; datapakhuis; databasisse en die internet; en databasisadministrasie (teorie sowel as praktiese toepassings met Oracle). Die leerder sal na die voltooiing van die module kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is kan toepas in probleemoplossing in die vakgebied en sy toepassingsvelde.

KOMMUNIKASIESTUDIES

KOMS111: INLEIDING TOT MASSAKOMMUNIKASIE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Breë begrip te hê van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie; 'n kennis te dra van enkele teoretiese gesigshoeke op die veld van massakommunikasie; 'n Kritiese ingesteldheid te hê jeens massakommunikasie; 'n Oorsigtelike kennis te hê van die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika; 'n Basiese nuusberig vir 'n koerant te kan skryf.

KOMS112: INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die kommunikasieproses oorsigtelik kan beskryf; Die proses van interpersoonlike kommunikasie verstaan met verwysing na persepsies, verbale kommunikasie, nie-verbale kommunikasie, luister en interpersoonlike verhoudings;

Verskillende interpersoonlike kommunikasiestyle kan identifiseer; 'n Sensitiewe met betrekking tot moontlike konflik in die kommunikasieproses in interpersoonlike verhoudings.

KOMS121: INLEIDING TOT JOERNALISTIEK

3uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Oorsigtelike teoretiese kennis en begrip te hê van die konteks en funksies van joernalistiek; Kennis te dra van die take van 'n redakteur, verslaggewer en subredakteur; Die normatiewe dimensie van joernalistiek te begryp en te kan aantoon watter implikasies dit vir die waardegedrewe mediapraktisyn kan hê; Te verstaan hoe 'n koerant, tydskrif en radiostasie funksioneer; Te verstaan wat die verskillende tipes joernalistieke skryfwerk (vir gedrukte media en radio) behels en 'n basiese vaardigheid daarin te kan demonstreer; Die basiese riglyne vir die neem van koerantfoto's te ken.

KOMS122: KLEINGROEPKOMMUNIKASIE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Oorsig rakende die funksionering van kleingroepkommunikasie te kan gee; Verdelling van die rolle en doelwitte binne kleingroepe; Die dinamika van leierskap verstaan; Effektiewe kommunikasie binne kleingroepe kan beskryf en ontleed; Luistervaardighede en terugvoer; effektiewe probleemoplossing en konflikhantering kan beskryf; Die vaardighede om effektiewe vergaderings te hou kan toepas.

KOMS123: OORREDINGSKOMMUNIKASIE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis en insig rakende die rol van oorredingskommunikasie in verskeie kommunikasiekontekste te verstaan; Kennis van die belangrikheid van oorreding in hedendaagse samelewing; Die rol van die massamedia en oorreding te beskryf; Begrip te hê van die gebruik en misbruik van simbole in oorredingsboodskappe; Etiese oorwegings in oorredingsituasies te onderskei en toe te pas; Die belangrikheid van oorreding in veldtogte en massabewegings te verstaan; 'n Effektiewe oorreders te word veral binne die vakgebied van bemerking en skakelwerk.

KOMS211: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: SKAKELWERK

3 uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: B begrip te hê vir die plek van diverse skryfvaardighede binne korporatiewe konteks of in die mediapraktyk; Basiese vaardighede te toon in die skryf van onder meer sakememoranda, toesprake, sakebriewe; Die verskillende teorieë wat binne Korporatiewe Kommunikasie gebruik word te verstaan en toe te pas; Oor 'n deeglike kennis te beskik van die breë velde waarin Korporatiewe Kommunikasie funksioneer en dit binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan situeer.

KOMS212: INLEIDENDE KOMMUNIKASIE-ETIEK EN -REG

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Begrip te toon van die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika uitgeoefen kan word; 'n Oorsigtelike kennis en begrip te toon van die etiese probleme waarmee die mediapraktisyn te make kry; Te kan aantoon hoe hierdie etiese kwessies gehanteer kan word; Te kan aantoon hoe die etiek en reg verweef is en gelyklopend deur die mediapraktisyn in ag geneem moet word; Kennis te dra van die beperkinge wat in die verlede op die media geplaas is of steeds geplaas word; Kennis en begrip te toon van die beperkinge wat deur die gemenerereg op die media geplaas word; Kennis en begrip te toon van kopieregwetgewing en hoe dit die mediapraktisyn raak; Kennis en begrip te toon van verbruikersregte en hoe die mediapraktisyn dit kan ondersteun.

KOMS213: KORPORATIEWE MEDIA: INTERNET EN DTP

3 uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese kennis te hê van die internet en WWW as soekstrategieë; Invloed en implikasies te verstaan van die internet op verskillende kommunikasiebedrywe, spesifiek in Afrika; Vertroud te wees met die oorskakeling tussen tradisionele media en nuwe media; Die implikasies daarvan op die kommunikasiebedryf te verstaan, met spesifieke verwysing na korporatiewe media; Basiese kennis te hê van wetlike en etiese aspekte wat verband hou met die internet; Die rol van nuwe media in telekommunikasie te verstaan en in konteks te plaas; Basiese kennis te hê van relevante inligtingstelsels en netwerke vir die kommunikasiebedryf; Basiese kennis te hê van hoe nuwe media aangewend kan word in navorsingsprojekte; 'n Basiese kennis te hê van tipografie en bladuitleg en dit in 'n DTP-omgewing te kan toepas.

KOMS221: INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die veranderlikes en dinamika van interkulturele kommunikasie te begryp; Tydens verskillende interkulturele geleenthede beter te kommunikeer.

KOMS222: ORGANISASIEKOMMUNIKASIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Deeglike begrip te toon van die basiese teoretiese uitgangspunte rakende die organisasie en organisasiekommunikasie; Die rol en funksie van kommunikasie as strategiese bestuursmeganisme kan omskryf; Die rol van organisasiekommunikasie in die prosesse van verandering, leierskap en kennisbestuur in die organisasie verstaan en toepas; Etiese aspekte in die organisasie herken en kan toepas.

KOMS223: KORPORATIEWE MEDIA: WEBBLADONTWERP (REDIGEERDERS)

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Verskeie soorte webbladsye binne die korporatiewe omgewing te kan identifiseer en beplan; Webbladsye op verskillende webbladredigeerders te kan opmaak; Verskillende webgrafika, -animasie en basiese webprogrammering te verstaan en te kan toepas.

KOMS255: EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die basiese teoretiese beginsels van effektiewe kommunikasie te bemeester om dit binne organisasiekonteks te gaan toepas wat die volgende betref: interpersoonlike kommunikasie, onderhoudvoering, geskrewe beginsels en mondelinge aanbiedings.

KOMS266: TOEGEPASTE KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die teoretiese kennis wat in KOMS255 geleer is, prakties toe te pas tydens die lewer van mondelinge voorleggings en die skryf van memoranda en verslae.

KOMS312: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: TOEPASSING OP MASSAMEDIA

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: die verband tussen ontwikkeling en kommunikasie deur middel van 'n interaksionele model aan te toon; Die rol van media in ontwikkeling binne die konteks van 'n deelnemende benadering te bespreek; Die konteks waarbinne die media in Suid-Afrika funksioneer te bespreek deur te verwys na ICASA, die MDDA en GCIS; Kiesersopleiding binne die konteks van 'n veranderende Suid-Afrika te bespreek.

KOMS313: SPRAAKKOMMUNIKASIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die basiese beginsels van effektiewe spraakkommunikasie te kan begryp en weergee; Die vermoë te hê om kort openbare inligtings- en oordeelstoesprake te hou.

KOMS314: KORPORATIEWE MEDIA: MULTIMEDIAKOMMUNIKASIE

1½uur 2:1.

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis te hê van die verskillende dissiplines van multimedia; Die belangrikheid van multimedia in die oordrag van inligting te kan verstaan en toepas; Die aanwending van multimediasagteware vir teks, beeld, klank en animasie te verstaan en toe te pas; Aanbiedingsprogramme soos Powerpoint en Director te verstaan en toe te pas; Die werking van multimediahardeware soos CD-Rom, DVD, DTV, klankkaarte en ander rekenaargesteunde hardeware te verstaan en dit te kan gebruik in die oordra van inligting te kan gebruik; Kennis te dra van die wisselwerking tussen telekommunikasie en multimedia en dit in die praktyk te kan toepas; Die interaksie tussen multimedia en die internet te verstaan en dit prakties te kan toepas; Multimediaprogramme te kan saamstel en bestuur; Multimedia binne die korporatiewe mediakonteks te kan gebruik en toepas.

KOMS315: KORPORATIEWE MEDIA: MEDIABETREKKINGE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis en begrip te hê van die plek, belang, omvang en vereistes van goeie mediabetrekkinge; Vaardighede te toon in die saamstel van 'n mediapakkie; Verskillende korporatiewe media optimaal binne mediabetrekkinge te kan aanwend.

KOMS321: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: BEMARKINGSKOMMUNIKASIE

3 uur 2:1

Die leerder in staat te wees om die volgende te kan doen: Die identifisering en ontleding van verskillende teikenmarkte/-groepe; Die segmentering van die mark; Die beeld en identiteit van 'n organisasie te kan ontleed te bestuur.

KOMS324: NAVORSINGSMETODOLOGIE

3 uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis hê van die wetenskaplike bestudering van kommunikasie en die belangrikste metodologiese oriëntasies en paradigmas verstaan; Die verband tussen teorie en navorsing verstaan en dit kan toepas in die beplanning van 'n navorsingsprojek; Kennis te dra van die toepassing en gebruikswaarde van volgende navorsingsmetodes: historiese navorsing, veldnavorsing, meningspeilings, en eksperimentele navorsing; Inhoudsanalise as navorsingsmetode prakties te kan uitvoer.

KOMS325: KORPORATIEWE MEDIA: JOERNALISTIEK

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: kennis en begrip te hê van die plek, belang, omvang en vereistes van personeelblaaie; Vaardighede te toon in die skryf van mediaverklarings, berigte en artikels vir personeelblaaie; Vaardigheid te toon in die samestelling en rekenaarmatige uitleg (DTP) van 'n personeelblad; Verskillende soorte korporatiewe media binne korporatiewe joernalistiek te kan aanwend.

KOMS326: KORPORATIEWE MEDIA: TOEGEPASTE PROJEKTE

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis te dra van webbladpublisering en –bestuur en dit te kan toepas; Korporatiewe webbladsye te kan ontleed; 'n Korporatiewe portefeulje te kan saamstel; Nutsprogramme te kan gebruik vir die samestelling van 'n portefeulje.

VERPLIGTE MODULE:

LEER111: LEER- EN LEESONTWIKKELING

1½ uur 1:1

Die leerder behoort: Kennis te dra van die aard van die universiteit en universitêre studie; Kennis van hom-/haarself as leerder te hê; Kennis te hê van verskillende leerstrategieë wat by hom/haar en die leerstof pas om leerinhoud te bemeester, integreer, toe te pas en eie kennisraamwerke te konstrueer; Kontakgeleenthede met dosent en leerders effektief in die leerproses te benut; Doeltreffend en doelmatig tyd kan bestuur; Doeltreffend vir die eksamen kan voorberei en beter eksamen kan skryf; As individu en in 'n groep probleemoplossend te werk kan gaan; beter toegerus te wees met lewensvaardighede; 'n Minimumvlak van leesvaardigheid te hê.

REGTE

LLBR111: INLEIDING TOT DIE REG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Hom-/haar te oriënteer ten aansien van die studieveld van die reg en vertrouwd te wees met die basiese terme en klassifikasies waarmee in die regs wetenskap gewerk word.

LLBR113: HISTORIESE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die belang van reghistoriese studie te verstaan en om die eksterne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg sowel as die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse prosesreg, erfreg, publiekreg, persone- en familiereg op feitesituasies toe te pas.

LLBR114: PERSONE- EN HUWELIKSREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die algemene beginsels rondom regs subjektiwiteit en status van 'n regs subjek te beskryf en faktore wat sy/haar status beïnvloed, uiteen te sit; Die formaliteite vir 'n regsgeldige huwelik te identifiseer.

LLBR121: STRAFREG - ALGEMENE BEGINSELS

3 uur 1:1

Die student behoort in staat te wees om: Die regsreëls en -beginsels waarvolgens die staatsowerheid 'n dader vir sy of haar wedderregtelike skuldige gedrag kan straf, te kan selekteer en toe te pas.

LLBR123: KONTEMPORÊRE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

3 uur 1:1

Die leerder behoort insig te hê in en in staat te wees om die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse sakereg, deliktereg en kontraktereg te identifiseer en in gegewe feitesituasies toe te pas.

LLBR124: ERFREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die regsreëls of regs norme waarvolgens 'n natuurlike persoon se boedel na sy of haar afsterwe (testaat of intestaat) verdeel moet word, te kan identifiseer en toe te pas.

LLBR125: REGSPERSONEREG EN INLEIDENDE ONDERNEMINGSREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die regs subjektiwiteit van regspersone, die vereistes vir regshandelinge deur verskillende soorte regspersone en die konstitusionele voorskrifte in verband met die regte en verpligtinge van regspersone te beskryf en krities te evalueer; In die algemeen die eienskappe en kenmerke van die verskillende ondernemingsvorme wat in die

handelsomgewing gebruik word te kan beskryf met die klem op ondernemingsvorme wat regspersoonlikheid het.

LLBR211: ALGEMENE REGSLEER

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die basiese terminologie van die Algemene Regsleer te beheers; Te onderskei tussen 'n aantal verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie; Standpunte van 'n aantal denkskole oor bepaalde onderwerpe en probleme te verstaan, sodanige standpunte krities met mekaar te kan vergelyk en 'n eie standpunt oor die aangeleenthede te kan formuleer; Die standpunte van 'n Reformatoriese regsleer oor bogenoemde probleme te kan verduidelik en beoordeel.

LLBR213: SAKEREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om die verskillende regsverhoudings tussen 'n persoon (regsobjek) en sy/haar eiendom of bates (regsobjekte) te omskryf en aan die hand die beheersvereistes van elke tipe regsverhouding toe te pas.

LLBR214: REGSHERMENEUTIEK

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om wetgewing, internasionale konvensies en grondwetlike bepalings te interpreteer deur gebruik te maak van die reëls en vermoedens van wetsuitleg.

LLBR215: BEWYSREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die geskilpunte in 'n hofsak vas te stel, relevansie en toelaatbaarheid van getuieis te beoordeel en die uitsluitingsreëls op feitestelle toe te pas; Om die hof te help om tot 'n feitebevinding te kom en behoort toegerus te wees om as aanklaer, prokureur of advokaat in die hof te kan optree.

LLBR216: STRAFPROSESREG

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om die Strafprosesregteorie te kan toepas in 'n strafhof. Dit impliseer dat hy/sy feite- en regsvrae moet kan identifiseer en ook die relevante regsbeginsels kan identifiseer en toepas om moontlike oplossings te vind vir die feite- en regsvrae.

LLBR217: STRAFREG: BESONDERE MISDADE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om die relevante statutêre en gemeenregtelike regsreëls en –beginsels te kan selekteer en toe te pas waarvolgens die staatsowerheid daders vir hul wedderregtelike en skuldige handelinge of lates, wat spesifieke misdade daar stel, mag straf.

LLBR221: DELIKTEREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort vertrou te wees met die algemene beginsels van toepassing op delikte, die regte en verpligtinge van die partye voortspruitend uit die delik en die toepaslike remedies.

LLBR222: REGSPRAKTYK

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om met 'n kliënt te konsulteer en om die leerstukke en reëls van die Strafreg, Strafprosesreg en Bewysreg prakties in die strafhof toe te pas.

LLBR223: STRAFPROSES- EN BEWYSREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort 'n grondige kennis en begrip van die bewysregreëls te hê. Hy/sy behoort in staat te wees om die reëls te kan toepas, te kan vasstel wat die wesenlike feite in 'n saak is en om die hof behulpsaam te wees om 'n korrekte feitebevinding te kan maak. Hy/sy behoort toegerus te wees om die bewysregreëls as staatsaanklaer, prokureur of advokaat in die hof te kan toepas. Hy/sy behoort verder in staat te wees om sy/haar plek as teoreties-begronde juris vol te staan op die gebied van die Strafprosesregteorie, wat handel met 'n strafsak vanaf pleitstadium tot op die stadium van uitputting van appèl-en hersieningsmoontlikhede. Hy/sy behoort feite- en regsrae te kan identifiseer en die relevante regsbeginsele daarop te kan toepas om sodoende in die lig van beskikbare getuieis oplossings vir die probleme te vind.

LLBR224: ARBEIDSREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort die bepalings vervat in die *Wet op Arbeidsverhoudinge* 66 van 1995, die *Wet op Basiese Dienvoorwaardes* 75 van 1997 en die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998 te ken, en behoort in staat te wees om die interaksie daarvan met die gemeenregtelike beginsels te verduidelik, die mees resente regspraak rondom die toepassing daarvan te verstaan en die beginsels in praktyksverwante probleemsituasies te kan toepas.

LLBR225: REGSPLURALISME

3 uur 1:1

Die leerder behoort insig te hê in die reëls van die Afrika-gewoontereg en behoort in staat te wees om die belangrikste reëls te kan identifiseer en sy/haar kennis op feitesituasies te kan toepas.

LLBR313: KONTRAKTEREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort vertrou te wees met die algemene beginsels van toepassing op kontrakte, die regte en verpligtinge van die onderskeie partye tot die kontrak en die remedies tot hulle beskikking.

LLBR322: REGSKOMMUNIKASIE EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die meeste soorte regsdokumente te kan lees en verstaan; Die inhoud van hierdie dokumente te kan opsom en verduidelik; Tegnieke soos spanwerk, elektroniese data-ontsluiting en leesvaardighede te kan aanwend ten einde sinvolle

regsdokumente te kan skryf; Opinies, logika en argumentasie te beoordeel en self te gebruik, Die basiese metodologiese vereistes van regsnavorsing te begryp en op 'n elementêre vlak toe te pas.

MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

MBGB111: GESONDHEIDSBEVORDERING VIR MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

1½ uur 1:1

Die leerder moet in staat wees om nasionale en internasionale tendense met betrekking tot gesondheidsbevorderingstrategieë binne die volle spektrum van die mens se lewensiklus te verstaan; spesifieke toepassingstrategieë soos benodig sal word binne die verskeidenheid van groepe en gemeenskappe in Suid-Afrika te kan formuleer; bewustheid te ontwikkel van siekte- en gesondheidsdeterminante, asook toepaslike ingesteldheid en vaardighede wat noodsaaklik is vir gemeenskapsontwikkeling.

MBWK 111: MOTORIESE LEER

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om kennis rakende die volgende motoriese aspekte kan toepas: Definiëring en klassifikasie van beweging/vermoëns. groei en rypingstendense in bewegingsontwikkeling; Identifisering van bewegingsagterstande; Individualiteit van sporttalent; Talentidentifisering in sport.

MBWK 121: SPORTTRAUMA

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese mediese noodsituasies soos verstikking, hartstilstand, brandwonde, vergiftiging, frakture en skok kan identifiseer en behandel; Beseringsrisiko te kan ontleed en voorkomingsmaatreëls kan implementeer; Korrekte hantering/stabilisering van beserings toe te pas.

MBWK211: KINESIOLOGIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Toepaslike feitekennis oor neurologiese gebeure tydens leer te kan beheers ten einde krities en kreatief probleme binne die sportpraktyk te kan identifiseer en op te los; Kennis oor taakanalise en fasiliteerders vir aanleer en uitvoering logies kan kommunikeer in groepklasse; Effektiewe en verantwoordelike selfbestuur te kan toepas en selfdoenopdragte oor leermodelle en persepsie kan verantwoord in groepsverband.

MBWK221: OEFENPSIGOLOGIE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die waarde van psigologiese begeleiding vir persone en groepe met verskillende behoeftes te verstaan en te kan kommunikeer; Kennis oor psigologiese vaardighede soos motivering, leierskap en sinvolle kommunikasie te kan toepas; Psigologiese vaardighede soos stresbeheer, selfvertroue en doelwitstelling vir verskillende groepe kan aanwend.

MBWK 222: SPORTPSIGOLOGIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Teoretiese kennis ten opsigte van sportpsigologiese vaardighede soos beelding, psigiese energie, stresbestuur, aandagsvaardighede, positiewe ingesteldheid, selfvertroue en doelwitstelling op 'n basiese vlak deur begeleiding aan sportlui te kan toepas.

MBXK 111: SPORTKUNDE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis van sportwetenskaplike komponente prakties te kan toepas in **sokker, krieket en atletiek**; Sportonderrig en afrigting op basiese vlak te kan demonstreer; Vakspesifieke konsepte van biomeganika, oefenфизиologie, motoriese leer en psigologie op die afrigting van individuele- en spanaktiwiteite te kan toepas

MBXK121: SPORTKUNDE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis van sportwetenskaplike komponente prakties te kan toepas in **hokkie, rugby, en gimnastiek**; Sportonderrig en afrigting op basiese vlak te kan demonstreer; Vakspesifieke konsepte van biomeganika, oefenфизиologie, motoriese leer en psigologie op die afrigting van individuele- en spanaktiwiteite te kan toepas

MENSEHULPBRON-WETENSAPPE (BEDRYFSIELKUNDE EN BEDRYFSOSIOLOGIE)

MHBP111: INLEIDING TOT MENSEHULPBRON-BESTUUR

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die komponente van mensehulpbron-bestuur (insluitend mensehulpbron-beplanning, posontleding, werwing, keuring, opleiding, prestasiebestuur en vergoeding) te ken en te verstaan; Verskille in individuele gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse werksmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van stres, motivering, leierskap, groepsgegedrag en kommunikasie te ken en te verstaan; Die belangrikheid van loopbaan-selfbestuur te ken en te verstaan; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan.

OPENBARE BESTUUR EN ADMINISTRASIE

OBAD111: INLEIDING TOT OPENBARE BESTUUR

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die multi-dissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Administrasie, sowel as die verskille tussen openbare en privaatsektor te kan verstaan; Die behoefte vir doeltreffende bestuur, bestuursbenaderings, -beginsels en teorieë te bepaal en hysy sal ook bestuursetiek en professionalisme kan leer.

OBAD121: OPENBARE BESTUUR EN DIENSLEWERING

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard van die verskillende omgewings (polities, ekonomies, tegnologie, kultureel, sosiaal en wetlik/statutêr) wat die werk van die openbare bestuurder beïnvloed, te kan ontleed en verstaan; Bestuurswerk te kan afbaken in byvoorbeeld beskerming, welvaart, maatskaplik en sosiaal, kultureel en opvoedkundig, sowel as omgewingsake.

OBAD122: VOLHOUBARE ONTWIKKELING EN DIENSLEWERING

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die sosio-ekonomiese konteks van Suid- en Suider-Afrika te kan ontleed en te kan vertolk; Alternatiewe diensleweringse meganismes in terme van hulle toepaslikheid binne die sosio-ekonomiese konteks te kan vertolk.

OBAD211: BELEIDSANALISE EN BEPLANNING

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die beleidmakingproses in Suid-Afrika te verstaan en om sensitiviteit rakende die rol van die openbare bestuurder in die beleidmakingproses te ontwikkel; Die openbare beplanningproses (doel / missies / doelwitte / strategieë / prosedures / beleid ensovoorts) wat die bestuurder in staat stel om in 'n veranderende omgewing te bestuur, te kan verduidelik en te evalueer.

OBAD212: BELEIDSIMPLEMENTERING VIR OPENBARE DIENSLEWERING

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Openbare beleid in programme en projekte vir implementering om te skakel; Projekbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; Die noodsaaklikheid van organisatoriese ontledings in terme van kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur te verstaan en te vertolk ten einde beleidsdoelwitte te implementeer; Die impak van beleidsimplementering op die samelewing te ontleed.

OBAD221: OPENBARE BESTUURSBEGINSELS EN -FUNKSIES

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die verskillende bestuursfunksies (leidinggewing, beplanning, koördinerings, organisering en beheer) te kan bepaal, te verstaan en te kan toepas.

OBAD222: MUNISIPALE BESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Historiese oorsig van munisipale regering in Suid-Afrika te verskaf; Munisipale grondwetlike en statutêre hervormings in Suid-Afrika te verklaar; Kernaspekte tot die bestuur van munisipaliteite te verstaan; Demokrasie op plaaslike-owerheidsvlak te verklaar en te ontleed; Interowerheidsverhoudings insluitend fiskale reëlings te vertolk; Munisipale strukture te identifiseer en te vertolk; Munisipale finansiële bestuur te verstaan; Beleidbepaling op plaaslike-owerheidsvlak te verduidelik en te ontleed; Vraagstukke vir munisipale bestuur in Suid-Afrika te identifiseer en oplossings aan die hand te doen; Alternatiewe diensleweringse meganismes op plaaslike-owerheidsvlak (PPPs) te identifiseer en te ontleed.

OBAD311: BESTUURSWAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om die verskillende bestuursvaardighede (besluitneming, kommunikasie, onderhandeling, interpersoonlike verhoudings, en konfliktoplossingsvaardighede) te verstaan en te kan toepas sodat hy/sy effektief kan bestuur.

OBAD312: GESELEKTEERDE BESTUURSWAARDIGHEDE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Menslikehulpbron-bestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; Finansiële bestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas.

OBAD321: BESTUURSTOEPASSING EN –TEGNIKE

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die bestuursgebruike rakende toepassingsareas soos beleidsanalise, strategiese bestuur, organisasie-ontwikkeling en doelwitbestuur te kan bepaal, evalueer en te kan toepas; Die verskillende bestuurstechnieke wat in die bestuurskonteks toegepas kan word te ken.

OBAD322: OPENBARE SEKTOR: VRAAGSTUKKE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die noodsaak van strategiese openbaresektorbestuur te vertolk; Openbaresektorvraagstukke soos die bestuur van verandering, hulpbronbeperkings, gebrekkige vaardighede en ander sosio-ekonomiese aspekte in terme van bestuursuitdagings te ontleed en oplossings aan die hand doen ten einde hierdie vraagstukke die hoof te bied; Die noodsaaklikheid van scenario-bou, toekomsstudies en tendensontleding te verstaan.

ONDERNEMINGSBESTUUR

ONBP111: INLEIDING TOT ONDERNEMINGSBESTUUR

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die grondbegrippe van Ondernemingsbestuur te verstaan en dit toe te pas; Die ekonomiese struktuur waarbinne die onderneming funksioneer te verstaan; Ondernemingsbestuur as wetenskap te verklaar; Die historiese ontwikkeling in Ondernemingsbestuur te verstaan; Die verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en te verklaar; Die bestuursomgewing op internasionale, makro-, mark- en mikrovlak te bespreek; Die strategiese beplannings- en strategie-implementeringsproses te bespreek; Beplanning as een van die basiese bestuurstake te doen, die elemente wat die beplanningsproses beïnvloed te identifiseer en die beginsels van besluitneming toe te pas; Koördinasie en produktiwiteit te verduidelik; Die beginsels van organiseer en delegeer toe te pas; Die aktivering van werknemers deur middel van kommunikasie, leierskap en motivering te ken; Te verduidelik hoe ondernemingsaktiwiteite beheer word; Kennis en toepassing rakende entrepreneurskap, intrapreneurskap en die belangrikheid van klein-, medium- en mikro-ondernemings te demonstreer.

ONBP122: INLEIDING TOT BEMARKINGSBESTUUR (VANAF 2005)

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard van bemarking te beskryf; Die bemarkingsproses in 'n onderneming toe te pas; Die ondernemingsomgewing te verken; Die verskillende faktore wat verbruikgedrag beïnvloed, te identifiseer en te verduidelik; Marksegmentering te doen; Markgeleenthede deur bemarkingsnavorsing te identifiseer; Die produkkonsep te verstaan; Die elemente van die produkkonsep in 'n werklike produk te identifiseer; Die fases van nuweprodukontwikkeling te verduidelik; Die beginsels van distribusiekanale te bespreek; Die konsepte van fisiese distribusie te verduidelik; Die elemente van die bemarkingskommunikasie mengsel te identifiseer en te verduidelik; Die faktore wat prysbesluite beïnvloed, te bespreek; Die beginsels van die produklewensiklus toe te pas; Bemarkingsbeplanning uit te voer; 'n Bemarkingsoudit te doen; Die verskillende bemarkingsstrategieë te identifiseer en te bespreek; Die uniekheid van internasionale bemarking te verduidelik.

ONBP211: INLEIDING TOT BEMARKINGSBESTUUR (TOT 2005)

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard van bemarking te beskryf; Die bemarkingsproses in 'n onderneming toe te pas; Die ondernemingsomgewing te verken; Die verskillende faktore wat verbruikgedrag beïnvloed, te identifiseer en te verduidelik; Marksegmentering te doen; Markgeleenthede deur bemarkingsnavorsing te identifiseer; Die produkkonsep te verstaan; Die elemente van die produkkonsep in 'n werklike produk te identifiseer; Die fases van nuweprodukontwikkeling te verduidelik; Die beginsels van distribusiekanale te bespreek; Die konsepte van fisiese distribusie te verduidelik; Die elemente van die bemarkingskommunikasie mengsel te identifiseer en te verduidelik; Die faktore wat prysbesluite beïnvloed, te bespreek; Die beginsels van die produklewensiklus toe te pas; Bemarkingsbeplanning uit te voer; 'n Bemarkingsoudit te doen; Die verskillende bemarkingsstrategieë te identifiseer en te bespreek; Die uniekheid van internasionale bemarking te verduidelik.

ONBP212: BEMARKINGSPLAN (VANAF 2006)

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die bemarkingsproses en die bemarkingsbeplanningsproses te verstaan en te kan verduidelik; Kennis aangaande die bemarkingsoudit te kan demonstree en 'n bemarkingsoudit te kan uitvoer; 'n Produk-oudit as deel van die bemarkingsoudit te kan doen; 'n Kommunikasie-, distribusie- en prysplan vir 'n onderneming te kan opstel; Inligting vir die opstel van 'n bemarkingsplan te kan insamel en vooruitskattings te kan maak; 'n Bemarkingsplan te implementeer en verstaan hoe 'n stap-vir-stap beplanningsstelsel werk.

ONBP221: LOGISTIEKE BESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard van logistieke bestuur te beskryf; Logistiek as 'n geïntegreerde geheel te verduidelik; Die inkomende kant van die logistieke ketting te verduidelik; Die uitgaande kant van die logistieke ketting te verduidelik; Die rol en belangrikheid van vervoer in logistiek aan te dui; Die belangrikheid van voorraad te bespreek en om voorraaditems te klassifiseer; Die komponente van totale voorraadkoste te beskryf en te bereken; Die aard en belangrikheid van pakhuis aan te dui; Die internasionale logistieke proses en deelnemers te bespreek.

ONBP311: LEWENSVATBAARHEIDSTUDIES

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die produkontwikkelingsproses vir die ontwikkeling van 'n produk of diens vir 'n nuwe of bestaande onderneming toe te pas; 'n Markontleding uit te voer wat 'n mededinger- en verbruikerprofiel, neigings in die bedryf en teikenmarkidentifisering insluit; Verkoopsyfers, produkke, brutomarge, sowel as vestigings- en bedryfsuitgawes te bereken; 'n Proforma inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeiostaat op te stel; 'n Projekontleding uit te voer waartydens die beginsels van die tydwaarde van geld met spesifieke beleggingskriteria geïnkorporeer word.

ONBP312: HANDELSMERKBESLUIT (VANAF 2007)

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die term handelsmerk te verstaan en die bestuur van handelsmerke te verduidelik; Handelsmerkposisionering te kan vestig en verstaan; Handelsmerkprogramme vir effektiewe bemarking te kan beplan en implementeer; Die meting van handelsmerkprestasie te doen en interpreteer. Volhoubare handelsmerkstrategieë te ontwikkel en te implementeer.

ONBP321: ONDERNEMINGSPLAN

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Gebalanseerde bestuursplan vir 'n nuwe onderneming saam te stel; Die proforma inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeiostaat in die ondernemingsplan te integreer; Die inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeiostaat te interpreteer deur van verhoudingsontledings, Du Pontontledings en lewensvatbare groei-modelle gebruik te maak; Funksionele planne as deel van die ondernemingsplan te formuleer en 'n ondernemingsplan vir 'n nuwe onderneming te ontwikkel en voor te lê.

ONBP322: VERHOUDINGSBEMARKING (VANAF 2007)

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Verhoudingsbemarking uitgebreid te omskryf; Alternatiewe perspektiewe op verhoudingsbemarking te verduidelik; Die verwantskap tussen kwaliteit en verhoudingsbemarking aan te dui; Aan te toon hoe 'n klantgeoriënteerde kultuur vir verhoudingsbemarking geskep word, aan te toon hoe verbintenis by werknemers tot verhoudingsbemarking geskep word, verhoudingsbemarkingstrategieë te beplan en te ontwikkel en aan te toon hoe verhoudingsbemarkingstrategieë geïmplementeer word.

TOERISMEBESTUUR**ONTP111: INLEIDING TOT TOERISMEBESTUUR**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Met die nodige kennis die toerismebedryf te ontleed; Die effek van toerisme op die gasheergemeenskap te identifiseer; Toerisme as 'n wetenskap wetenskaplik te ontleed; Die ekonomiese invloed van toerisme op die gasheergemeenskap te bepaal; Die vermenigvuldigende effek van toerismebesteding te bepaal.

ONTP121: WILDPLAAS- EN GASVRYHEIDBESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die sleutelsuksesfaktore vir die bestuur van 'n wildsplaas te identifiseer; 'n Sakeplan vir verskeie toerismefasiliteite saam te stel; Pryse vir jag- en toerpakkette te bepaal; 'n Toerismemeesterplan vir 'n wildsplaas te ontwikkel; 'n Suksesvolle konferensie- en ontspanningsprogram te beplan.

ONTP211: TOEGEPASTE TOERISMEBESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die pryse vir toerpakkette te bepaal; Met die nodige kennis verskillende finansiële state te interpreteer; Verskillende soorte begrotings saam te stel; Menslikehulpbronbestuur in 'n toerismeonderneming doeltreffend toe te pas; Posbeskrywings te ontwikkel; Posprestasie te evalueer.

ONTP222: ENTREPRENEURIESE TOERISME

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Entrepreneursgeleenthede in die toerismebedryf te identifiseer; Te weet wat sleutelsuksesfaktore vir die vestiging van 'n eie toerismeonderneming is en na aanleiding daarvan 'n onderneming se besigheidsplan in die dienstesektor te kan ontwikkel; Die waarde van internasionale tendense in die toerismebedryf te kan evalueer en in die praktyk te kan toepas; Die relevante wetgewing en impak daarvan op 'n nuwe besigheid te identifiseer en doeltreffend te kan implementeer.

ONTP 223: SPORTTOERISME EN GEBEURTENISBESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Sportgebeurtenis te kan organiseer; 'n Sporttoer te kan saamstel; 'n Sportbod te kan uitwerk en 'n groot gebeurtenis ("event") te kan organiseer;

Die verhouding tussen sport, avontuur en toerisme te kan verstaan en te kan verduidelik hoe dit mekaar beïnvloed.

ONTP311: EKOTOERISME

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die ekotoerisme-omgewing deur middel van gevallestudies te ontleed; 'n Ekotoerismeproduk te beplan en te ontwikkel; Die waarde en invloed van kussonebestuur op toerisme te evalueer; 'n Lewensvatbare ontwikkelingsmodel te implementeer.

ONTP321: TOERISME-BEMARKING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Strategiese bemarkingselemente te identifiseer en te ontleed; Verskillende tipes promosiemateriaal te ontwikkel; 'n Webwerf te ontwikkel; Kommunikasietegnieke deur middel van persverklarings toe te pas; 'n Strategiese bemarkingsplan saam te stel.

VHTB311: GASVRYHEIDSBESTUUR: VOEDSEL EN DRANK & VOEDSELDIENSBESTUUR

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder kennis, waardes en vaardighede kan demonstreer ten opsigte van die identifisering en evaluering van die nuutste neigings en verkoopstegnieke in die gasvryheidsbedryf; basiese riglyne ten opsigte van dienshiërargie; produksie/bereiding en bediening van alkoholiese en nie-alkoholiese drank; beginsels van professionele, klassieke en moderne voedselbereiding, bedieningstegnieke en metodes van tafeldek asook die beplanning en evaluering van spyskaarte volgens voedselgebaseerde dieetriglyne met inagneming van tradisionele eetgewoontes van verskillende religieuse en bevolkingsgroepe wat in die Suid-Afrikaanse Toerismebedryf verteenwoordig word; berekening van bedryfskoste, produksiehoeveelhede en koste van voedselitems; beskrywing en toepassing van aankoopprosedures, produkkeuse, ontvangs, berging en voorraadbeheer; interpretering van veilige voedselhantering, werknemersgesondheid en higiëne; veiligheid in die werksomgewing; beplanning en bestuur van 'n onderneming in die gasvryheidsbedryf.

POLITIEKE STUDIES

POLI111: POLITIEK, STAAT EN REGERING

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf; Politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; 'n Ontledende oorsig te kan gee van die benaderings tot en modrne ideologieë in die politiek.

POLI121: DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die struktuur en komponente van die SA politieke stelsel en hul onderlinge verhouding te beskryf; Te verduidelik wat ko-operatiewe regering is; Die invloed van konstitusionalisering en die Handves van Menseregte in die SA politiek te Bespreek; Die grondslae, herkoms en aard van die konstitusionele staat te verduidelik; Die politieke en grondwetlike implikasies van konstitusionalisme (Suid-Afrika) te beskryf.

PSIGOLOGIE

PSIG131: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings ten opsigte van menslike fisiese en kognitiewe prosesse in 'n kultureel-diverse omgewing, te kan identifiseer en beskryf.

PSIG151: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN WILSPROSESSE

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings ten opsigte van menslike emosionele en motiveringsprosesse in 'n kultureel-diverse omgewing, te kan identifiseer en beskryf.

PSIG211: MENSLIKE ONTWIKKELING IN SOSIO-KULTURELE KONTEKS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; Die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; Te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

PSIG241: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES

2 uur 1 : 1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die verskeie perspektiewe op menswees binne 'n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde 'n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

PSIG251: PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEERKRAGTIGHEID

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkragtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; Die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfasies (kindertyd, adolessensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individu, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

PSIG252: INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

PSIG311: INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE EN –FORTOLOGIE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; Die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf; Die konsep van psigologiese welstand basies te omskryf, asook maniere waarop welstand vir hierdie groepe bevorder kan word, voor te stel.

PSIG312: TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HULPVERLENING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die verskillende basiese terapeutiese teorieë te bespreek en dit vanuit 'n Westerse sowel as 'n Afrika-perspektief te evalueer, te vergelyk, en op praktiese vlak te beoefen.

PSIG323: GESONDHEIDS- EN HIV VOORLIGTING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en –siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekerisiko's uitskakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

PSIG322: FASILITERING VAN MENSLIKE ONTWIKKELING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die basiese onderliggende beginsels ter bevordering van menslike ontwikkeling te beskryf, asook stimulasieprogramme, wat ontwikkel word ten opsigte van perseptuele en emosionele ontwikkeling; taal-, kommunikasie-, interpersoonlike- en lewensvaardighede en die stimulasie van kreatiwiteit, teoreties te begrond, binne groepsverband toe te pas; en te evalueer.

PSIG353: KRISISINTERVENSIE

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringstelsels, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies en kritieke-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyn effek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

PRIVAATREG

PVRR131: INLEIDING TOT DIE KONTRAKTEREG

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om die algemene beginsels van die kontraktereg te kan toepas, 'n gevolgtrekking te kan maak en 'n aanbeveling te kan maak; Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om 'n probleem te kan identifiseer en oplos in 'n gegewe feitestel of 'n tipiese kommersiële probleem; 'n Standpunt logies en sistematies te kan formuleer, beredeneer en kommunikeer; Insig te toon in die verband tussen verskillende aspekte van die kontraktereg.

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP

RECP111: REKENINGKUNDE: RAAMWERK, GRONDSLAE EN TOEPASSINGS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Grondslae van rekeningkunde, basiese teorie en begrippe in die algemeen toe te pas; Die eenvoudige transaksies van 'n eenmansaak te boek te kan stel en daarvoor verslag te doen; Eenvoudige transaksies rakende ondernemings sonder winsoogmerk te boek te stel en daarvoor verslag te doen; Berekening en teboekstelling te doen ten opsigte van versekeringsseise; Rekeningkundige rekords te rekonstrueer waar inligting en rekords ontbreek; Behoorlike begrip te toon van die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk) standpunte RE 000, RE 101, RE 108.

RECP121: REKENINGKUNDE: INLEIDENDE KORPORATIEWE REKENINGKUNDE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies rakende vennootskappe, insluitend veranderinge in eienaarskap, te boek te stel en daarvoor verslag te doen; Transaksies rakende maatskappy en beslote korporasie, insluitend die verandering in eienaarskap, in ooreenstemming met toepaslike gedeeltes uit die betrokke wetgewing, te boek te kan stel en daarvoor verslag te doen; Die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk) standpunte RE 000 en RE 101 toe te pas in gegewe eenvoudige situasies. (Toepaslike gedeeltes van die vierde bylae van die Maatskappywet, "Wet 61 van 1973, soos gewysig" en Wet op Beslote Korporasies, "Wet 69 van 1984, soos gewysig" word ook in hierdie module ingesluit.) Die leerder moet verder transaksies en aansuiwerings in 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel kan te boek stel en verwerk.

**RECP211: REKENINGKUNDE: KORPORATIEWE REKENINGKUNDE;
ONTLEDING EN VERTOLKING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Behoorlike kennis en begrip te toon van die Maatskappywet se 4de Bylae en vereistes van die direkteursverslag en dit te kan toepas in die opstel van finansiële state; Om bogenoemde inligting toe te pas in 'n gegewe feitestel; Behoorlike kennis te openbaar van transaksies, waardasies en openbaarmaking rondom beleggings en dit in 'n gegewe feitestel te kan toepas; Behoorlike kennis te openbaar van transaksies en openbaarmaking rondom skuldbriewe en dit in 'n gegewe feitestel te kan toepas; Prakties die rekeningkundige hantering van omskepping van verskillende ondernemingsvorme na beslote korporasie/maatskappy toe te pas; Verdienste per aandeel te bereken en te openbaar in die finansiële state; Finansiële state te ontleed met behulp van verhoudingsontleding, verdienste per aandeel (RE 104) en kontantvloeï (RE 118), dit krities te bespreek en te evalueer en aanbevelings te maak.

RECP221: REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT AARP EN GROEPSTATE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Behoorlike kennis en begrip van die beginsels neergelê in RE 103 (Netto wins/verlies in die inkomstestaat) en RE 105 (Hure) te openbaar en dit toe te pas in 'n gegewe probleemstelling; 'n Basiese gekonsolideerde inkomstestaat, balanstaat en staat van verandering in ekwiteit met betrekking tot intergroep transaksies op te stel.

RECP311: REKENINGKUNDE: GROEPSTATE EN KOMPLEKSE GROEPE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel met inbegrip van intermaatskappytransaksies, komplekse groepe en verandering in mate van beheer; Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk rekeningkundig te verantwoord en te integreer met gekonsolideerde finansiële state.

RECP321: REKENINGKUNDE: AARP – CAPITA SELECTA

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling.

BELASTING

**REBP311: BELASTINGTOEPASSING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN
ONDERNEMINGS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of

besigheid. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/afrekbaar is.

REBP321: BELASTINGTOEPASSING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)-Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/afrekbaar is.

REIP311: BELASTING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN ONDERNEMINGS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid.

REIP321: BELASTING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)-Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken.

FINANSIËLE REKENINGKUNDE

REKP111: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: BASIESE KONSEPTE, REKENINGKUNDIGE STELSLS EN ELEMENTÊRE FINANSIËLE VERSLAGDOENING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik; Joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekenings op te stel; 'n Rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit; Transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor eenmansake en vennootskappe.

REKP121: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: SPESIALE REKENINGE, VENNOOTSKAPPE EN BESLOTE KORPORASIES

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf vir 'n vervaardigingsonderneming, departementele rekeninge en nie-wins organisasies; Transaksies te boekstaaf met betrekking tot die toelating, uittrede en ontbinding van 'n vennootskap; Finansiële jaarstate van 'n beslote korporasies te kan opstel; Versekeringseise te bereken en te boek te stel.

REKP211: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: FINANSIËLE VERSLAGDOENING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die rekeningkundige terminologie eie aan 'n maatskappy te kan identifiseer; Die relevante inskrywings met betrekking tot maatskappybelasting, oordragte na- en van reserwes en aandeleuitreiking, te kan maak; Die finansiële jaarstate van 'n maatskappy op te stel; Kontantvloeiestate op te stel, te kan ontleed en interpreteer; Finansiële verhoudings te kan identifiseer en verduidelik en die doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van die onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvensie.

REKP221: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: SPESIALE ONDERWERPE EN ELEMENTÊRE GROEPSTATE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf vir die omskakeling van beslote korporasies na maatskappye, maatskappye na beslote korporasies, en eenmansake en venootskappe na beslote korporasies; Rekeningkundige inskrywings te boekstaaf oor verskillende aspekte van skuldbriewe, beleggings, afbetalingsverkoopoooreenkomste en takke; Elementêre gekonsolideerde finansiële jaarstate op te stel.

REKP311: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: GROEPSTATE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die behoefte aan gekonsolideerde finansiële jaarstate te verduidelik; Gekonsolideerde finansiële jaarstate op te stel.

REKP321: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK –CAPITA SELECTA

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling.

ODUITKUNDE

REOP211: OUDITKUNDE: DIE OUDITEUR EN DIE OUDITPROSES

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die historiese ontwikkeling van die auditprofessie, die struktuur van die profesie in Suid-Afrika en die verantwoordelikhede van die eksterne ouditeur te omskryf; Die auditproses aan die hand van relevante standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde te omskryf; 'n Deeglike begrip van sekere bepalings van die Professionele Gedragskode te toon.

REOP221: OUDITKUNDE: TOEPASSINGS EN INLEIDENDE REKENAARODITERING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Deeglike kennis van die vloei van transaksies, interne beheerstelsel en beheerdoelwitte te demonstree; Transaksiesiklusse te ondersoek en interne beheermaatreëls te evalueer; Beheermaatreëltoetse en stawingsprosedures te ontwikkel en gevolgtrekkings oor die resultate daarvan te maak; 'n Duidelike begrip te toon van die invloed van rekenaartegnologie op die auditproses; Ouditverslae op te stel.

REOP321: OUDITKUNDE: MAATSKAPPYEREGTOEPASSINGS EN REKENAARODITERING

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die beginsels van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde in die auditproses toe te pas; Die Maatskappywe-vereistes van toepassing op maatskappy-oudits te verduidelik en in praktiese gevallestudies toe te pas; Maatskappywet-oortredings te identifiseer en regstellende voorstelle te maak; Sekere beginsels van ouditering in 'n rekenaaromgewing toe te pas.

FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL)

RESP111: FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL): BASIESE KONSEPTE, REKENINGKUNDIGE SIKLUS EN REKENINGKUNDIGE STELSELS

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; Transaksies vir 'n eenmanssaak te kan boekstaaf en verslag oor die transaksies te doen; Die inligtingsbehoefte van verskillende gebruikers vas te stel; Joernale, grootboeke, hulp-grootboeke en kontrolerekenings te kan opstel; 'n Rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereiste van 'n spesifieke entiteit.

RESP121: FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL): FINANSIËLE VERSLAGDOENING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor die finansiële stand van 'n eenmanssaak, vennootskap en nie-wins organisasies; Versekeringseise te bereken en te boekstaaf; Finansiële verhoudings te identifiseer en bereken en die doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van 'n onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit.

REKENINGKUNDE & REKENAARS

RRTP211: REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENAARTOEPASSINGS IN REKENINGKUNDE

4 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Behoorlike kennis te openbaar van inligtingstegnologie (IT)-begrippe oor inligtingstelsels en vir bestuur van IT, stelselimplementering en -gebruik en algemene gebruik van IT, ontwikkelingstandaarde en – praktyke vir inligtingstelsels, en interne beheer in IT; Bedryfstelsel-, woordverwerking-, sigblad-, en rekeningkundige rekenaarpakkette prakties te gebruik. (LW: 'n **Praktiese en 'n teoretiese eksamen word afgelê**: 'n Praktiese twee (2) ure eksamen word 'n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en 'n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

RRTP321: REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENINGKUNDIGE EN OUDITTOEPASSINGS OP REKENAAR

4 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Grondige kennis te openbaar en toe te pas oor inligtingstegnologie (IT) -begrippe met betrekking tot Rekeningkunde en Ouditkunde, evaluering en ouditering van inligtingstelsels op 'n basiese vlak, rekenaarsekureit en – kontroles, gevorderde rekenaarselsels en nuwe tegnologie en die invloed daarvan op die ouditeur, en op kontroles en die sake-omgewing; Rekenaartoepassings in databasisse en vir die oordrag van data prakties te gebruik; Gepaste geleenthede om die rekenaar as 'n sake-instrument te gebruik, te identifiseer; Praktiese vaardighede te demonstree in die gebruik van rekenaartoepassings in die ouditkundige en finansiële bestuur omgewing. (LW: 'n **Praktiese en 'n teoretiese eksamen word afgelê**: 'n Praktiese twee (2) ure eksamen word 'n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en 'n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

HANDELSREG

RHRP121: HANDELSREG: ONDERNEMINGSREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die verskillende ondernemingsvorme te toon; Behoorlike kennis en insig van die reg aangaande vennootskappe, beslote korporasies en sekere aspekte van die maatskappyereg te demonstree; Die relevante regsreëls van die verskillende ondernemingsvorme insake die stigting en totstandkoming, lidmaatskap, interne en eksterne verhoudings en ander relevante regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

RHRP311: HANDELSREG: GEVORDERDE MAATSKAPPYEREG

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die algemene beginsels en administrasie van maatskappye te toon; Die relevante regsreëls aangaande algemene aspekte van die maatskappyereg, insluitende vermoë en verteenwoordiging, toewysing en uitreiking van aandele, oordrag van aandele, aanbod van aandele, bestuur van die maatskappy, lede- en direksievergaderings, re-organisasies, reëlins en skikkings, die ouditeur, likwidasië en geregtelike bestuur, en ander regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

RHRP331: HANDELSREG: MAATSKAPPYEREG

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die algemene beginsels en administrasie van maatskappye te toon; Die relevante regsreëls aangaande algemene aspekte van die maatskappyereg, insluitende vermoë en verteenwoordiging, toewysing en uitreiking van aandele, oordrag van aandele, aanbod van aandele, bestuur van die maatskappy, lede- en direksievergaderings, en ander regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

REKENAAR- EN INLIGTINGSVAARDIGHEID**VERPLIGTE MODULE:****RINL111: REKENAAR- EN INLIGTINGSVAARDIGHEID**

1½ uur 1:1

Rekenaarvaardighede:

Die leerder behoort oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaard woordverwerking-, sigblad-, aanbiedings- en webleserprogrammatuur effektief te gebruik.

Inligtingsvaardighede:

Die leerder behoort oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om wetenskaplike inligting met behulp van verskeie tegnologieë (soos die Internet en die nuutste tipes databasisse) vanuit 'n verskeidenheid bronne (soos boeke, tydskrifte, die Web) op te spoor, te evalueer, te verwerk en te kommunikeer. Hierdie module word ten volle rekenaarmatig aangebied.

REKREASIEKUNDE**RKKX 111: BUITELUG-REKREASIE**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om kennis rakende die volgende aspekte te kan openbaar: Die waarde van buitlug-ervarings; Die rol wat 'n buitlug-leier moet vertolk om leer te stimuleer; Die motivering vir 'n positiewe respons ten opsigte van die omgewing; Die rol wat die leier moet vertolk om die jeug se betrokkenheid in hulle natuurlike omgewing te stimuleer; Volgehoue gebruik van die natuurlike omgewing.

RKKX 121: GEMEENSKAPSREKREASIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis te demonstreer rakende die rol van rekreasie binne die hedendaagse samelewing; Rekreasiestrukture binne die RSA te verduidelik; Kennis te demonstreer rakende die status van rekreasie-voorsiening binne plaaslike owerhede; Belangegroep te identifiseer wat verband hou met die voorsiening van rekreasiedienste; Sosiale, psigologiese, fisieke en omgewingsvoordele van rekreasiedeelnemers te verduidelik; Riglyne te identifiseer en te verduidelik wat verband hou met toekomstige voorsiening van rekreasiedienste.

RKKX 122: SPORT- EN REKREASIEBESTUUR

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Feitekennis rakende bestuursontwikkeling weer te gee; Feitekennis rondom die ontwikkeling van organisasiestrukture toe te pas; Doelwitbestuur te implementeer tydens die bestuur van 'n rekreasie-organisasie; 'n Finansiële bestuurstelsel te ontwikkel vir 'n rekreasiedepartement of –organisasie; Bestuurskommunikasievaardighede prakties en teoreties toe te pas.

RKKX 211: AVONTUURLEIERSKAP

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat wees om: Feitekennis rakende die ontwikkeling van avontuurleierskap teoreties weer te gee; Die waarde van effektiewe leierskap te motiveer; Die volgende tegniese vaardighede te demonstreer en teoreties te verantwoord: kanovaart, abseil, rotsklim, voetslaan, kampering en oriëntering; Veiligheidsvaardighede vir bogenoemde aktiwiteite prakties te demonstreer sowel as teoreties te verantwoord; Kennis rakende omgewingsvaardighede te demonstreer en teoreties te verantwoord.

RKKX221: VRYETYDSPROGRAMMERING

PK 3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat wees om kennis rakende die beplanning, ontwerp en implementering van rekreasie- en avontuurprogramme vir geselekteerde teikengroepe te demonstreer.

RKKX311: GEVORDERDE VRYETYDSPROGRAMMERING

Pk 1 x 3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis oor die ervaringsgeleentheid en die ervaringsparadigma te demonstreer; Faktore te identifiseer wat 'n invloed het op die doeltreffende funksionering van groepe; Kennis te demonstreer rakende die proses van fasilitering binne avontuurprogrammering en ervaringsleer; Toepaslike fasiliteringstegnieke te bemeester en toe te pas; Relevante metodes vir progamevaluering te selekteer, toe te pas en te interpreteer.

RKKX312: META-AVONTUURVAARDIGHEDE

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Oordeel te vel na gelang van vorige ervarings in avontuurvaardighede; Probleme sistematies op te los; Besluitneming wetenskaplik uit te voer; Noodmaatreëls toe te pas; 'n Avontuurprogram aan te bied.

RKKX321: AVONTUURPROGRAMBESTUUR

Pk 1 x 3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Avontuurprogram-administrasievaardighede teoreties toe te pas; Die gepaste leierskapstyl te teoretiseer en te demonstreer tydens 'n avontuurtog sowel as tydens die eksamen; Risikobestuursbeginsels teoreties te verantwoord en prakties toe te pas; Kommunikasieteorieë te verantwoord en tydens 'n avontuurprogram toe te pas; Reddingspogings prakties te kan uitvoer.

RKKX322: VRYETYDSDINAMIKA

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die behoeftes aan spanontwikkeling te identifiseer; 'n Program saam te stel om in die behoeftes van die span te voorsien en die ervaring só te fasiliteer dat ontwikkeling in die span plaasvind; Die leierskapsprofiel van deelnemers te bepaal en 'n program aan die hand van individuele profiele te ontwerp en implementeer.

SOSIOLOGIE

SOSL111: SUID-AFRIKA : SAMESTELLING EN WERKING

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die betekenis van die begrip *samelewing* te verstaan en te beheers; Die sosiale struktuur en funksionering van asook interaksie in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing te begryp; Die invloed wat die sosiale struktuur asook interaksievorme in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing op volhoubare ontwikkeling uitoefen, te verstaan; Teoretiese perspektiewe op die Suid-Afrikaanse samelewing te kan toepas.

SOSL121: DIE DINAMIEK VAN ONTWIKKELING : INLEIDING A

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die betekenis van die begrippe *ontwikkeling* en *volhoubare ontwikkeling* te verstaan en te gebruik; 'n Begrip van die verskillende ontwikkelingsomgewings (bv. ekologiese, sosiale, politieke en ekonomiese) te hê.

SKOOL VIR TALE EN KUNSTE

AFRIKAANS EN/AND ENGLISH

SKTA111: KOMMINIKASIEVAARDIGHEDE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat wees om: Gepaste kommunikasie-strategieë in bepaalde situasies te gebruik, in skriftelike en mondelinge Afrikaanse tekste; Op hoogte te wees van besondere kommunikasie-strategieë in die regsberoep.

SKTE111: COMMUNICATION SKILLS

1½ uur 1:1

The learner should be able to: Demonstrate basic (fundamental) and specialist knowledge of English use and usage in the Law field; Communicate effectively in writing with professional audiences using appropriate structure, style and legal terminology; Demonstrate the ability to read various kinds of texts with comprehension.

STATISTIEK

STTK111: INLEIDENDE BESKRYWENDE STATISTIEK

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese grondbegrippe van statistiek te verstaan; Eenvoudige vraelyste op te stel en te hanteer, data op te som, dit grafies voor te stel en eenvoudige berekeninge rakende lokaliteit, spreiding en korrelasie te doen; Reguitlyne te pas deur datapunte; Passingskriteria soos residue-inspektering te doen.

STTK121: INLEIDENDE STATISTIESE INFERENSIE I

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Wye gebied grondbegrippe van praktiese statistiek sowel as waarskynlikheidsleer te verstaan en eenvoudige waarskynlikheids-berekeninge te doen rakende die normaal- en die Student t-verdeling; Eenvoudige berekeninge wat voortvloei uit die Sentrale Limiet Stelling, soos puntberaming en vertrouensintervalle vir populasiegemiddeldes en –proporsies, te doen; Die toetsing van hipoteses rakende lokaliteit in sekere gevalle te doen.

STTK122: STATISTIEK VIR DIE BESTUURSWETENSAPPE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat wees om: 'n Oorsigtelike waardering te hê van geselekteerde statistiese onderwerpe; Elementêre berekeninge te doen rakende die normaal-verdeling; Punt- en intervalberaming en steekproefgroottes te bepaal vir eenvoudige praktiese toepassings; Hipotesetoetsing te kan doen rakende lokaliteit vir een- sowel as tweesteekproefgevalle; Basiese regressie en tydreeksprosedures aan te wend en indeksyfers te interpreteer.

STT124: PRAKTIESE STATISTIEK

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Meer statistiek-onderwerpe te verstaan, probleemoplossing te hanteer en resultate te interpreteer wat meervoudige regressie, faktorontleding, variansie-analise, nagaan van voorwaardes, kategoriese data-ontleding en verdelingsvrye metodes insluit; Insig te hê om navorsingsprojekte te beplan, eenvoudige inferensiemetodes toepaslik aan te wend en rekenaaraudrukke van statistiese ontledings sinvol te interpreteer.

STTK211: WAARSKYNLIKHEIDSLEER

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die mees relevante elemente van Waarskynlikheidsleer soos waarskynlikheidsmate, stogastiese veranderlikes, verdelingsteorie, Wet van Totale Waarskynlikheid, Bayes se stelling, Wet van Groot Getalle en die Sentrale Limiet Stelling te ken en te verstaan; Nie- gespesialiseerde probleme, soos waarskynlikheidsberekeninge rondom stogastiese veranderlikes sowel as berekeninge rondom maatstawwe van sentraliteit, spreiding en kurtose, op tel los.

STTK221: INLEIDENDE STEEKPROEFTEORIE EN -TEGNIEKE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Relevante steekproefmetodes soos ewekansige steekproefneming, sistematiese-, tros- en gestratifiseerde steekproefmetodes te ken en te verstaan; Inferensie rondom maatstawwe van lokaliteit en spreiding te ken; Grondstellings soos die Blackwell-Rao stelling, en grondbegrippe soos voldoende en volledige statistieke en die Cramer-Rao-ondergrens, sowel as beramingmetodes soos die momente- en maksimale aanneemlikheidsmetode te ken.

STTK311: STATISTIESE INFERENSIE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Inferensiemetodes en -tegnieke soos hipotesetoetsingsmetodes, datavoorstellingsmetodes gegrond op die verdelingsfunksie en verwante funksies, maatstawwe van lokaliteit en spreiding, tweesteekproefteorie, kategoriese data-ontleding en Bayes Inferensie te ken en verstaan; SAS- en Statistica-ontledings te doen en gevolgtrekkings daaruit te maak.

STTK321: LINEÛRE MODELLE

3 uur 1:1

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder die matriks- en vektorruimte benadering van statistiese modelleer bemeester het. Onderwerpe soos meervoudige regressiemodelle, variansie-analisemodelle en veralgemeende lineêre modelle sowel as passingsmaatstawwe word bestudeer. SAS en Statistica-modelleringspakkette word aangewend vir probleemoplossing.

STTK322: STATISTIEK PROJEK

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Selfstandig 'n statistiek-projek aan te pak, data in te samel en kundig te verwerk en die regte tegnieke toe te pas wat nodig is om toepaslike inferensie verantwoordelik en sinvol te kan doen; Statistiekpakkette en ander hulpmiddele vlot te hanteer om 'n skriftelike verslag sowel as 'n mondelinge voordrag te lewer.

WISKUNDE**TGWS111: KOÖRDINAATMEETKUNDE IN 2 EN 3 DIMENSIES**

1½ uur 1:1

Kennis: Aan die einde van hierdie module het die leerder die volgende hoofonderwerpe bemeester: oplossingsmoontlikhede vir stelsels lineêre vergelykings; matriksbewerkings en hulle aanwending in die konteks van lineêre stelsels; vektoralgebra vir meetkundige vektore en vektoralgebra vir koördinaatvoorstellings van die vektore, insluitende puntproduk en kruisproduk; algebraïese vergelykings vir die keëlsnitfigure in 'n platvlak, sowel as reguit lyne platvlakke en tweedegraadsoppervlakke in die driedimensionele ruimte.

Vaardighede: Die leerder bemeester in hierdie module die volgende rekentegnieke: 'n sistematiese tegniek vir die oplossing van stelsels lineêre vergelykings; die basiese bewerkings van matriksalgebra. Die leerder verwerf ook die vermoë om: driedimensionele vektore algebraïes te manipuleer en die resultate te interpreteer; lyne, platvlakke en ander reëlmatige figure in twee en drie dimensies algebraïes te beskryf; die inhoud van sekere vergelykings in twee of drie veranderlikes meetkundig te interpreteer.

